## DEPARTEMENT VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GRONDHERVORMING

**NO. 1000** **09 SEPTEMBER 2016**

**KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 3(4)(d) VAN DIE WET OP DIE TRANSFORMASIE VAN SEKERE LANDELIKE GEBIEDE, 1998 (WET No. 94 VAN 1998)**

Ek, Gugile E. Nkwinti, Minister vir Departement van Landelike Ontwikkeling en Grond Hervorming, publiseer hierby ingevolge artikel 3(4)(d) van die Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, 1998 (Wet No. 94 van 1998), die kennisgewing soos uit een gesit in die Bylae.

**NKWINTI, G E (LP)**
**MINISTER DEPARTEMENTE VAN LANDELIKE ONTWIKKELING EN GROND HERVORMING**
**DATUM:** 17/03/2016

BYLAE

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 3(4)(a) VAN DIE WET OP DIE TRANSFORMASIE VAN SEKERE LANDELIKE GEBIEDE, 1998 (WET No. 94 VAN 1998), VIR DIE ENON/BERSHEBA RAADSGEBIED**

Die Sondag Rivier Vallei Munisipaliteit, in samerwerkling met 'n verkose komitee van die Enon/Bersheba gemeenskap, beoog om, soos uiteengesit in die Bylae tot hierdie Kennisgewing, te bepaal aan watter entiteit die grond bekend as Enon Mission Farm No. 40, Afdeling van Uitenhage, groot 10 669,09 hektaar, soos beoog in artikel 3(1) van die Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, 1998 (Wet No. 94 van 1998), oorgedra moet word.

Die Munisipaliteit sal die oordrag bepaal deur –

(a) deurlopende voorlegging van dokumente, kommunikasie en skakeling oor die implementering van die Implementeringsplan vir die Transformasieproses (soos opgestel en goedgekeur deur die Departement van Grondsake in oorlegpleging met al die rolspelers);

(b) alle inwoners soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, 1998 (Wet No. 94 van 1998), te identifiseer;

(c) navrae te doen oor en die vasstelling van alle regte gehou deur inwoners in die bogemelde grond;

(d) konflikoplossing en –bemiddeling;

(e) die opstel van 'n grondgebruiks- en administratiewe plan;

(f) die hou van openbare vergaderings waartydens alle inwoners ingelig sal word oor moontlike opsies van 'n entiteit aan wie die grond oorgedra kan word; en

(g) 'n referendumdatum te bepaal waarop die inwoners kan stem vir 'n entiteit aan wie die grond oorgedra moet word.

Die bogemelde aksies sal afgehandel wees aan die einde van die oorgangstyd beoog in artikel 9 (1)(a) van die Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, 1998 (Wet No. 94 van 1998).

Gedetailleerde planne sal vir inspeksie ter insae lê by die Sondagsriviervallei-munisipaliteit en die Port Elizabeth kantoor van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grond Hervorming

*TH2511 (A)*